# Namakwaland Blommetoer 2020



## Oorsig

**Sinoniem met die panoramiese Sederberge, die asemrowende Stadsaalgrotte wat jou op ʻn verbeeldingstog neem en jou naʻn ander dimensie weglei, ongerepte Weskus natuurskoonheid, kaleidoskoop van Namakwalandse blommeprag, gasvryheid, weglê-etes en die luuksste busvervoer. Kom geniet die 4de onvergeetlike blommetoer saam met Eddie en Linda van der Merwe vanaf 17 – 24 September 2020.**





Channel Kanaal 7

25
1993 - 2018

Media Network for Christ
Medianetwerk vir Christus

# Namakwaland Blommetoer 2020

## INGESLUIT BY DIE TOER

Busvervoer vanaf Windhoek (Donderdagoggend 17 September 2020) met 'n superluukse bus tot in Kaapstad en weer terug na Windhoek op Donderdag 24 September 2020.

Alle Akkommodasie

Alle aandetes en ontbyt

Namakwalandse blommetoer Toer - geregistreerde toergids

Piekniek tydens blommetoer

Middagete in Keetmanshoop en Muisbosskerm

Alle toegang fooie in Namakwaland tydens toer

Busvervoer na Waterfront Kaapstad

## NIE INGESLUIT/OPSIONEEL

**Omvattende reisversekering**

**Opsionele uitstappies en toegangsgeld wat tydens die toer aangebied word in Kaapstad**

**Paspoorte**

**Immunisering, inenting en medikasie**

**Alle ander items van 'n persoonlike aard**

**Alle dienste nie hierbo gespesifiseer nie**

**Alle etes nie gespesifiseer nie**






# Namakwaland Blommetoer 2020

## TOER PROGRAM

**DAG 1: Donderdag – 17 September 2020**

Toergroep vertrek vanaf Windhoek om 06:00, maak eerste stop op Keetmanshoop vir 'n heerlike middagete. Die groep oornag die aand in Springbok, waar aandete bedien sal word.

**DAG 2: Vrydag – 18 September 2020**

Vandag sluit Mike Spies van Namakwa Toere aan by die groep. Na ontbyt vertrek ons op die eerste dag van ons Namakwalandse blommetoer. Vandag is `n lang dag en een van die hoogtepunte op die toer! Ons vertrek vroeg-oggend vanaf die hotel in Springbok om die beste vir die dag te verseker. Ons lê besoek af aan die ou koper-myndorpies rondom Springbok - Nababeep, Concordia en Okiep, wat op `n stadium die rykste kopermyn in die wêreld was. Tot net voor Garies ry ons nog die hele tyd deur die Namakwalandse Klipkoppe wat strek vanaf Springbok. Ons sal op hierdie roete `n ou verlate dorpie sien wat moes skuif en die kleinste titelakte in SA. Ons ry deur die Hardeveld met dorpies soos Nuwerus en Bitterfontein en bereik dan die Knersvlakte waar dit op die oog af lyk of daar niks is nie, maar wanneer ons stop en uitklim is almal verbaas om die verskeidenheid en hoeveelheid dwerg vetplantjies te sien wat tussen die wit kwarts klippies groei - sommige plantjies lyk ook net soos die klippies!

**DAG 3: Saterdag – 19 September 2020**

'n Lekker Weskus ondervinding lê voor vir vandag. Ons ry via Vredendal en Lutzville met al die wingerdlande en groentetonnels, wat die noordelike deel van die Olifantsriviervallei uitmaak. Ons beweeg nader aan die kus en sal sien hoe die Olifantsrivier by Papendorp in die see uitmond. Ons maak `n draai by Standfontein wat een van die gewildste vakansiedorpies langs die Weskus is met sy lang wit uitgestrekte strand. `n Klipgooi suid van Standfontein kry ons die skilderagtige dorpie Doringbaai, `n regte vissersdorpie. Ons volg `n roete verder suid tot by Lambertsbaai van waar ons sal terugkeer na die binneland. Na `n lekker dag langs die Weskus vertrek ons na Clanwilliam, waar ons besoek gaan bring aan Strassbergers velskoen fakbriek waar ons gaan sien hoe outentieke 'vellies' gemaak word voordat jy jou eie paar egte Suid-Afrikaanse vellies kan koop.

**DAG 4: Sondag – 20 September 2020**

Ons volg vandag `n ander roete deur die Knersvlakte tot teen die Bokkeveldberge waar ons die skouspelagtige Vanrhynspas sal bestyg tot bo op die Bokkeveldplato by Nieuwoudtville - die bolplant hoofstad van die wêreld! Ons sal die dag rondom hierdie pragtige dorpie spandeer en besiens-waardighede soos die kokerboomwoud, Nieuwoudtville-waterval en gletserspore besoek. Ons sal ook besoek aflê aan die NG-kerk, `n pragtige sandsteengebou met `n baie interessante geskiedenis. Hulle glo dat hulle die enigste kerk in die wêreld is wat `n monument vir skuld opgerig het!

# Namakwaland Blommetoer 2020

**DAG 5: Maandag – 21 September 2020**

Ons vertrek na Kaapstad en ry deur Clanwilliam, verby Graafwater as ook Leipoldtville. Ons ry ook Elandsbaai waar die kreefbakkies met hyskrane van die kaai tot in die baai laat sak uitkom. Van hier kies ons koers verby Rocherspan, deur Dwarskersbos, na die Weskus se drielingdorpies Velddrif, Port Owen en Laaiplek wat aan die mond van die Bergrivier, die bokkomhoofstad van SA uitmaak. Vandaar vertrek ons nader aan die kus waar ons by Langebaan verby gaan. Ons sal ook Saldanha se hawe sien - die grootste, diepste en veiligste hawe in Suid-Afrika! Van hier volg ons die pad verby Melkobstrand waar die toer eindig by die luukse Grand West – City Lodge in Kaapstad. Hier geniet ons 'n buvet aandete by Quaterdeck Restaurant en ontspan heerlik.

**DAG 6: Dinsdag – 22 September 2020**

Vandag gee ons alleen tyd vir elke toerlid. Die bus vertrek vanaf City Lodge tot by Waterfront in Kaapstad waar toerlede die dag kan deurbring en besig bly. Die bus vertrek terug na City Lodge om 16:00 en aandete word bedien by Spur in Grand West. Ons oornag weer in City Lodge Kaapstad.

**DAG 7: Woensdag – 23 September 2020**

Na 'n heerlike ontbyt vertrek die bus na Springbok waar ons weer oornag. Ons stop by die gewilde Muisbosskerm vir 'n heerlike buffet middagete. Aandete word by Mosanic Hotel in Springbok bedien.

**DAG 8: Donderdag – 24 September 2020**

Vandag is ons laaste dag van die toer. Na ontbyt vertrek die bus van Springbok. Hier sal die laaste stop in Keetmanshoop wees vir 'n vroeë Aandete. Daarna vertrek ons terug na Windhoek.

## ALGEMENE INLIGTING

**TOER PRYS: N$ 17,800.00 per persoon wat 'n kamer deel.**

**Deposito: N$ 6,000.00 onmiddellik betaalbaar met registrasie.**

**Verskil betaalbaar teen 1 Augustus 2020.**

**Tariewe in Februarie 2020 bereken. Beperkte aantal sitplekke beskikbaar. Tariewe is onderworpe aan beskikbaarheid tydens bespreking. Hoewel ons alles moontlik sal doen om ons berekende toer prys vir 2020 te behaal, is tariewe steeds onderworpe aan aanpassings indien nodig.**

## BANK BESONDERHEDE

**Bank Windhoek**

**Branch: 481-972**

**Acc: 1033 429 801**

**Verwysing: Naam + Blommetoer**

Channel Kanaal 7

25 1993 - 2018

Media Network for Christ
Medianetwerk vir Christus

# Namakwaland Blommetoer 2020

# REGISTRASIEVORM

**Toer Prys: N$ 17,800.00**

**VOLTOOI ASB. VOLLEDIG IN DRUKSKRIF EN E-POS OF FAKS U DEPOSITO STROKIE en 'N AFSKRIF VAN U PASPOORT SAAM MET DIE REGISTRASIEVORM, VIR AANDAG JUANITA, na:**
**Kanaal 7 Media Netwerk vir Christus,** WINDHOEK

**Slegs geldig na volle deposito van N$ 6,000.00 per persoon ontvang is.**

**9 Dae Namakwaland Blommetoer. Datum: 17 – 24 September 2020**

**Aansoek:**

1. Van ______________________________________________
2. Volle Name ______________________________________________

(SOOS OP PASPOORT)

3. Noemnaam ______________________________________________
4. Paspoort Nommer ______________________________________________
5. Vervaldatum ______________________________________________
6. Datum Uitgereik ______________________________________________
7. Geboortedatum ______________________________________________
8. ID Nommer ______________________________________________
9. Posbus ______________________________ Kode ________________
10. Selfoonnommer ______________________________________________
11. E-posadres ______________________________________________
12. Deel Kamer Met ______________________________________________
13. Beroep ______________________________________________
14. Naasbestaande kontaknommer ______________________________________
15. Siekteoetsande______________________________________________
16. Bedrag betaalbaar per persoon__________________________________
17. Addisionele Inligting__________________________________________

**Hierby sluit ek die deposito van N$ 6,000.00 per persoon in vir hierdie toer. Deposito is betaalbaar in kontant of per elektroniese oorbetaling. Die verskil is betaalbaar voor 01.08.2020 Heg asb. 'n afskrif van jou paspoort aan jou aansoekvorm met jou bewys van betaling en stuur aan juanita@k7.com.na. Paspoorte moet 6 maande geldig wees teen 1 September 2020. Jou Paspoort moet 'n minimum van 3 skoon bladsye hê. LET WEL:** In die geval van minderjariges of vroue wat in gemeenskap van goedere getroud is, moet hierdie vorm deur u vader/voog/eggenoot in die betrokke hoedanigheid onderteken word

**Ek bevestig hiermee dat ek die bepalings en voorwaardes gelees het en verstaan.**

------------------------------------------------ ------------------------------------------------

**DATUM** **HANDTEKENING**

**SLEGS BEPERKTE PLEKKE BESKIKBAAR**